Downloaded from Stanmorephysics.com



KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL
JUNIE EKSAMEN – 2016
VRAESTEL 2 – LETTERKUNDE .

EKSAMINATRISE : P.SINGH
MODERATRISE : A. RAMNATH
DATUM : 07/06/2015

PUNTE : 70
TYDSUUR : 2 uur
GRAAD : 11

NAAM : ____________________ GRAAD : __________

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 6 BLADSYE.

INSTRUKSIES :

1) Hierdie vraestel bestaan uit 2 Afdelings . AFDELING A Poësie en AFDELING B - Kortverhaal .
2) Beantwoord alle vrae .
3) Bestee 30 min. vir elke vraag .
4) Volg alle instruksies deeglik .
5) Skryf netjies en leesbaar .

## AFDELING A POËSIE

Lees die volgende gedigte en beantwoord die vrae wat volg :

### VRAAG 1

### KINDERS VAN AFRIKA .

laat die kindertjies na My toe kom
gee hulle vrede van velkleur en haat
gee hulle liefde en geduld
sonder om 'n
pasboek te vra
laat Hector Peterson en Japie Greyling
saam sop eet en hulle brood met mekaar deel


moet hulle nie verhinder nie
en
moet hulle nie keer
gee hulle liefde,
meer en weer
vergeet van Boipatong se bloedriviere
vergeet van Mitchellsplein se konkavure
en
laat die kindertjies kom

Hy maak sondaars God se kinders.

Hertzog se armblankes,
Mandela se vryheidsvegters
Piet Retief se penkoppe,
Dingaan se impi's
almal dieselfde

Halleluja

Amen?



Blaai Om vir...... bl. 2

VRAE :

1.1 Verduidelik die titel van die gedig ? (1)
1.2 Hoekom is "MY" (eerste reël ) in hoofletters ? (1)
1.3 Haal die versreël aan wat die TEMA van die gedig is ? (1)
1.4 Gee EEN ooreenkomste tussen Hector Peterson en Japie Greyling .(1)
1.5 Haal 'n voorbeeld van metafoor in die gedig en bespreek dit (2)
1.6 Hoekom is daar 'n vraagteken na Amen ? (1)
1.7 Verduidelik hoekom "vergeet " 2 keer herhaal word ?(1)
1.8 Watter woord sê vir jou dat die spreker God prys . (1)
1.9 Hoekom het die spreker God geprys ? (1)
1.10 Haal die TEENSTELLING wat in die eerste 5 reëls verskyn . (1)
1.11 Kies die korrekte antwoord . Skryf net die korrekte antwoord .Skryf net die korrekte antwoord langs die nommer :
1.11.1 Hector Peterson en Japie Greyling is die ( Vergelyking , Personifikasie , Simbool ) van SA kinders . (1)
1.11.2 Hulle word as (helde , leiers ,vyande ) beskou . (1)
1.12 Haal die reël aan wat vir jou sê dat Hector Peterson en Japie Greyling in vrede en met liefde moet lewe ? (1)
1.13 Pas kolom A met kolom B.Skryf die korrekte letter langs jou nommer .

| A. | B. |
|---|---|
| 1.13.1 Hertzog , Mandela en Dingaan. | A. kos. |
| 1.13.2 Vrede van kleur . | B. liefde. |
| 1.13.3 Gee ,hulle liefde , meer en weer . | C. leierfigure . |
| 1.13.4 Die belangrikste ding wat die kinders nodig het. | D. Assonansie . |
| | E. Alleterasie . |

(4)

Totaal : 18

VRAAG 2 Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg .

OPPIE CAPE FLATS .


Blaai om vir . . . . . bl. 3

## Oppie Cape Flats

Oppie Cape Flats waar dit crowded is
en djy skaars die hiemel boe kan sien
Waa snotnies laaities haastig oor biesagie
strate virrie karre moet saaidstep
Waar die girlies nog moet rollers innie
hare innie strate loep …
Waar 'n mens glattie lekke asem kan kry
nie oorrie dagga fumes innie lug …
en God van djou vegiet het!
Daa het ek opgegroei, my broe

En as ek innie propvol tronk sit
en kopvriet oo' my crimes, dan droem
ek vannie nice time:
vannie lekke disco's …
ennie daylight robberies …
ennie nice times moet Myra vannie Kriefgat!

Oppie Cape Flats, waar dit crowded is
en djy glattie vêr kan sien oorrie baie shacks
(Die buttons se blou roek lat djou oë soema traan)
Daa wag my mense nog vir my,
wag al vi siewe djaar!
Ma as die ve'lange na my family stêk wod en
ek hoo die guard se slietels raas,
dan wish ek soe ek was by my laaitie
om hom te warn tien 'n liewe soes myne!
Dan soek ek in my mind al die tye
op waa ek skiefgetrap het asse laaitie.




2.1 Wie is die spreker in die gedig ? (1)
2.2 Haal 'n reël aan wat sê waar die spreker is (1)
2.3 Waar is "Cape Flats " ? Skryf jou antwoord in korrekte Afrikaans neer ? (1)
2.4 Gee 2 redes hoekom jy nie ver in die hemel kan sien ,volgens die gedig . Skryf in korrekte Afrikaans neer . ? (2)
2.5 Gee die korrekte Afrikaanse woord vir " droem " (reël 12) (1)
2.6 Sê Ja of Nee en motiveer met 'n aanhaling uit die gedig . (1)
Die spreker voel jammer oor al die misdade wat hy gepleeg het .

Blaai om vir …… bl.4

2.7 Haal 'n reël (van die derde strofe ) aan wat 'n voorbeeld van Personifikasie is . (1)

2.8 Verduidelik hoekom "Oppie Cape Flats waar dit crowded is ", 2 keer herhaal word . (1)

2.9 Pas kolom A met kolom B. Skryf net die Alfabet langs die nommer .

| A. | B. |
|---|---|
| 2.9.1 soort spreker in die gedig . | A. "en kopvriet oo' my crimes dan droem" |
| 2.9.2 Sosiale Probleem . | B. Beklemtoon dat die spreker hopeloos ,hartseer en bitter voel. |
| 2.9.3 Die taal in die gedig . | C. Die spreker is opgewonde |
| 2.9.4 gebruik van uitroepsteken reël 9 en reël 21 ) | D. Ek – spreker . |
| 2.9.5 Spreker aan die nadink . | E. Kaapse Taal . |
| | F. Dwelms . |
| | G. "snotnies laities " |

(5)

2.10 Skryf die TEMA van die gedig neer . (1)

2.11 Dink jy , verdien die spreker enige simpatie .Sê Ja of Nee en verdudelik jou antwoord . (1)

2.12 Watter raad sal jy aan die spreker se 'laaitie gee, as jy hom sien ? (1)

Totaal : 17

## AFDELING B KORTVERHAAL .

### 'n Beter lewe vir mams .

3.1 Bespreek die titel van die storie . (1)

3.2 Lees die volgende 2 aanhalings en beantwoord die vrae wat volg :

1 Teen die einde van die volgende week oorhandig Sollie twintig duisend rand aan die taxi – eienaar .Eenduisend van Sollie se vyfduisend rand aan die taxi –eienaar .Eenduisend van Sollie se vyfduisend gaan na China se kant – maar vierduisend kan hy in sy eie sak steek . Sy senuwees is rou maar sy kop sweef van opgewondenheid .Een ding pla . Hoe gaan hy die geld aan Mams verduidelik .

3.2.1 Waar het Sollie die geld in sy hande gekry . (1)

3.2.2 Wie is China ? (1)

Blaai om vir ..... bl. 5

3.2.3 Vertel hoe hy vir mams alles verduidelik ? (1)
3.2.4 Hoekom sweef Sollie se kop van opgewondenheid .? (1)
3.2.5 Skryf EEN manier hoe Sollie die gesin se lewe verander het met al die geld wat hy gekry het . (1)

> Maar sy maak hom stil . "Ek wil niks met jou smokkelgeld te doen hê nie gehoor ! " skree sy .
> Dieslfde nag is daar skielik 'n harde geklop aan Sollie se ma se voordeur . Sy spring verward uit die bed en gaan maak die deur angsbevange oop .

2

3.3 Beskryf die tipe persoon Sollie se ma is , nadat jy die aanhaling gelees het .(1)
3.4 Wie was by die deur en hoekom was hy daar ? (2)
3.5 Hierdie aanhaling lei tot 'n paar TEMAS van die storie . Skryf EEN TEMA neer . (1)
3.6 As jy iets aan Sollie na die insident kan sê wat sal dit wees . (1)
3.7 Wat was die redes hoekom Sollie in die verkeerde pad geloop het . Skryf EEN neer . (1)
3.8 Pas kolom A met kolom B .

| A. | B. |
|---|---|
| 3.8.1 Die plek waar Sollie gewerk het . | A. Derdepersoonverteller . |
| 3.8.2 Sabu | B. Die fabriek het opgesluit . |
| 3.8.3 Die verteller van die storie. | C. 'n Bouplek . |
| 3.8.4 Ma verloor haar werk . | D. Hy skryf 'n brief . |
| 3.8.5 Sollie probeer om met sy ma te kommunikeer . | E. Bouplek . |
| 3.8.6 Hulle woonpek . | F. Sollie se vriend . |
| | G. Cape Flats . |
| | H. Mannenberg . |

(6)
Totaal : 18

VOLKSVERHAAL
VRAAG 4 GAÏERODIEN .
4.1 Sê wie die volgende stellings gesê het .
4.1.1 "Gaan hiermee die wêreld in maar sorg dat ek na drie jaar van jou hoor . (1)
4.1.2 " Ek swerf al byna 3 jaar rond op soek na iets om my bang te maak, maar dis pure verniet " (1)
4.1.3 " Waarom trek jy jou hand terug ? " (1)

Blaai om vir ..... bl. 6

4.2 Lees die volgende aanhaling en beantwoord daarna die vrae :

> Gaïerodien het by die galg gekom, die lyke afgehaal en begrawe . Hy het die nag daar geslaap .Hy kry toe weer dieselfde mans wat hom vertel van 'n Sultan se spookpaleis waarin niemand wil bly nie .

4.2.1 Verduidelik wat lyke is ? (1)
4.2.2 Hoe sal jy Gaïerodien se karakter in hierdie aanhaling beskryf . Skryf net 2 karatereienskappe. (1)
4.2.3 Watter instruksie het die Sultan aan Gaïerodien gegee? (1)
4.2.4 Watter belofte (promise) het die Sultan aan Gaïerodien gemaak? (1)

4.3 Rangskik die gebeure in die korrekte volgorde soos dit gebeur het. Skryf net die korrekte alfabet langs jou nommer.
4.3.1 A. Gaïerodien het die laaste kaartspeletjie verloor.
4.3.2 B. Gaïerodien het na die paleis toe gegaan.
4.3.3 C. Die drie katte het die Djin vreeslik gekrap. (3)

4.4 Lees die volgende aanhaling en beantwoord die vrae vat volg:

> Maar sy bruid kon sien dat daar nog iets was wat kom gehinder het, en eendag verskyn die 2 swart katte skielik voor haar.

4.4.1 Die 2 katte is Gaierodien se geluksteken. Is die stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord (1)
4.4.2 Wat het Gaïerodien gehinder? (1)
4.4.3 Was Gaïenodien se probleem aan die einde opgelos? SÊ Ja of Nee en motiveer jou antwoord. (1)
4.4.4 Wat is die boodskap van die verhaal? (1)
4.4.5 Hoe het Gaïerodien vir die 2 katte in die paleis gesorg? (1)
4.4.6 Wie of wat was die katte eintlik? (1)
4.4.7 Dink jy hierdie verhaal is 'n goeie voorbeeld van 'n volksverhaal? Sê ja of nee en motiveer in jou eie woorde (1)

Totaal: (17)

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY

# Graad 11 Verwagte Antwoorde : V2. (1)

## Afdeling A Poësie

### Vraag 1

1.1. Verwys na almal want ons is almal God se kinders.
Dit verwys na kinders wat gely het. ✓1

1.2. Want dit verwys na God. ✓1

1.3. " almal dieselfde" ✓1

1.4. Hulle was kinderhelde / opgestaan vir wat reg is / baie dapper ✓1

1.5. 'Boipatong se bloedriviere' ✓1 - Daar was soveel geweld in die verlede dat bloed soos riviere gevloei het. ✓1

1.6. Spreker is skepties oor die toekoms in SA ✓1

1.7. Ons moet alles vergeet en 'n nuwe lewe / begin hê.
Ons moet ook almal vergewe. ✓1

1.8. " Halleluja" ✓1

1.9. Hy is bly dat almal God se kinders is ✓1

1.10. "haat", "liefde" ✓1

1.11.1. Simbool ✓1

1.11.2. helde ✓1

1.12. "saam sop eet en hulle brood met mekaar deel" ✓1

1.13.1. C ✓1

1.13.2. E ✓1

1.13.3. D ✓1

1.13.4. B ✓1

(18)

### Vraag 2

2.1. 'n gevangene / 'n jong man in die tronk. ✓1

2.2. " en as ek innie propvol tronk sit" ✓1

2.3. in Kaapstad / In die kaap ✓1

2.4. Te veel besoedeling ✓1 / Baie huise ✓1

2.5. " droom" ✓1

2.6. Ja. " dan wish ek see ek was by my laaitjie" / "Om hom te warm tien 'n liewe soos myne". ✓1
(Enige 1)

(2)

2.7. " ek hoo die guard se slietels raas" ✓1

2.8. Hy wil beklemtoon hoe moeilik dit is om daar te lewe / Digter wil die sosiale probleem beklemtoon. / hoeveel mense daar woon / oorbevolk is ✓1 (enige 1)

2.9.1. D ✓1

2.9.2. F ✓1

2.9.3. E ✓1

2.9.4. B ✓1

2.9.5. A ✓1

2.10. Lyding van die mense van die kaapse Vlaktes :
Sosiale probleme in kaapse vlaktes. ✓1

2.11. Ja / Nee - leerders se eie respons ✓1

2.12. Moenie dwelms neem nie / Moenie Misdaad pleeg nie ✓1 aanvaar (ander response)

(17) ✓✓

Afdeling B Kortverhaal.

Vraag 3. 'n Beter Lewe vir Mams.

3.1. Sollie probeer om sy Ma 'n beter lewe te gee ✓1 / bendeleier ✓1 (enige 1)

3.2.1. Hy het al die dwelms verkoop. / bendeleier ✓1

3.2.2. Sy vriend wat hom die dwelms help verkoop / bendeleier

3.2.3. Hy het 'n leer beursie gekoop, die geld daarin gesit en vir mams vertel dat hy dit gevind het. ✓1

3.2.4. Vir die eerste keer het hy so baie geld met hom ✓1

3.2.5. nuwe meubels / klere gekoop, 'n nuwe telefoon in die huis ✓1
Kruideniersware gekoop / 'n nuwe fiets vir Jakoop en Yusuf.
(enige 1)

3.3. ordentlik / eerlik / Baie respek gehad / morale en waardes gehad / goeie rolmodel vir haar kinders. ✓1 (enige 1)

3.4. polisiemanne ✓1 Sollie was betrap met 2 miljoen rand waarde dwelms ✓1

3.5. Pyn / Lyding van 'n ma / dwelms is gevaarlik / nie die oplossing van jou probleme nie (ander antwoorde) (3)

3.6. Jy moet van jou foute leer. / Begin 'n skoon / nuwe lewe. Moenie weer in dwelms betrokke raak nie

3.7. Hy was siek en sat van al die gesukkel / Hulle was baie arm / Kon nie 'n goeie werk vir drie jaar lank kry nie / Wil sy ma 'n beter lewe gee. (enige 1)

3.8.1. E
3.8.2. F
3.8.3. A
3.8.4. B
3.8.5. D
3.8.6. H. (6) (18)

Vraag 4 Gaiërodien

4.1.1. die Wazir / Gaiërodien se pa.
4.1.2. Gaiërodien
4.1.3. Gaiërodien se vrou / die nuwe bruid
4.2.1. dooie liggame
4.2.2. Hy gee om vir mense / goedhartig / sorgvuldig
4.2.3. Hy moet 'n paar dae in die paleis bly om dit skoon te maak
4.2.4. As hy 'n paar dae in die paleis bly om dit skoon te maak, mag hy met sy jongste dogter trou.

4.3.1. B
4.3.2. A
4.3.3. C
4.4.1. Waar. Die katte het hom altyd in 'n moeilike situasie gehelp

4.4.2. Hy kon niks kry om hom bang te maak nie ✓ (4)

4.4.3. Ja
Hy was bang dat sy nuwe bruid hom sal brand. ✓

4.4.4. Jy moet dapper wees / Moenie oor onbelangrike dinge kwel nie / Jy moet goeie dinge doen en goed sal na jou toe kom. / Soms is daar klein / onbelangrike dinge in die lewe wat jou bang maak ✓ ✓

4.4.5. Hy het kos vir hulle gegee

4.4.6. Die gees van die 2 mans op die galg wat Gaierodien afgehaal en begrawe het. ✓

4.4.7. Ja – gelukkig einde ✓
leer om vreesloos te wees. / leer jou waardes en morele.
aanvaar ook 'Nee' met 'n goeie rede

(17) ✓✓

Totaal : (70)